

Ganglion

'n Ganglion is 'n benigne (goedaardige) sist en kom oor die algemeen langs die gewrig voor. Dit kan onooglik wees en indien verkies kan 'n verwydering deur middel van 'n klein operasie gedoen word.

Wat is 'n ganglion?

'n Ganglion is 'n klein sist wat 'n dik, jellie-agtige stof bevat. Dit voel soos 'n gladde knop onder die vel en die oorsaak vir die ontstaan daarvan is onbekend. Dit is normaalweg geheg aan 'n gewrig of sening en die stof binne-in het dieselfde voorkoms as die stof waarmee gewigte en senings "gesmeer" word. Dit is net baie dikker. Die mees algemene areas waar dit ontstaan is op die hande langs die gewigte en ook op die bokant van die voete langs die klein gewigte. Ganglions kan soms op ander plekke in die liggaam voorkom maar dit is baie raar.



Wat is die simptome van 'n ganglion?

Die hoof simptome van 'n ganglion is swelling. 'n Ganglion is normaalweg baie glad en rond en kan in grootte varieer vanaf baie klein (ertjie groot) tot heelwat groter (pruim groot). 'n Groot ganglion kan baie onooglik wees en 'n pasiënt kan pyn ondervind wanneer 'n ganglion langs 'n senuwee geleë is. Dit versprei nooit na ander dele van die liggaam nie. In die meeste gevalle is 'n ganglion altyd teenwoordig alhoewel somtyds kan dit skielik gebeur dat dit verskyn en dan spontaan weer verdwyn.

Wat is die behandeling?

Indien 'n ganglion nie enige simptome veroorsaak nie kan dit net gelaat word nie. In gevalle waar dit pyn en ongerief veroorsaak verkies pasiënte om dit te laat verwyder.

Sommige pasiënte maak gebruik van 'n tradisionele metode vir genesing. Dit behels die gebruik van 'n swaar boek (normaalweg die familie Bybel) om die sist "weg" te slaan. Wat gebeur is dat die sist bars onder die vel. Die vloeistof in die sist word dan geabsorbeer deur die bloedstroom. In sommige gevalle (en as die persoon braaf genoeg is) is dit effektief maar daar is 'n goeie kans dat dit kan herhaal aangesien die wand van die sist steeds teenwoordig is.

In sommige gevalle word daar gebruik gemaak van 'n naald om die vloeistof te aspireer (uit te trek). Laasgenoemde is nie baie suksesvol nie, aangesien die vloeistof baie dik is. Daar bestaan ook 'n groot moontlikheid dat dit kan herhaal aangesien die wand van die sist nie verwyder word nie.

Chirurgiese verwydering vir 'n permanente genesing is die mees suksesvolle behandeling. Dit is 'n relatiewe klein prosedure maar een in elke vyf gevalle herhaal die ganglion in dieselfde area.



CARL STREICHER

ECS/vvn (Sept '11)